Vryhandel is die beste beleid

Die skim van proteksionisme herrys. Dit is altyd ‘n onbesonne en gevaarlike beleid. Vanweë die skade wat dit die wêreld-ekonomie aandoen, is proteksionisme nog gevaarliker in tye van ekonomiese krisis. Proteksionisme veronderstel dat ‘n land meer welvaart geniet wanneer ‘n regering beskerming aan plaaslike produsente verleen, of monopolistiese magte aan hulle toeken. Eeue se ekonomiese beredenering, ondervinding, en empiriese studies het oor en oor bewys dat hierdie veronderstelling doodeenvoudig verkeerd is. Proteksionisme skep armoede, nie welvaart nie. Dit “beskerm” nie eers plaaslike werkgeleenthede of nywerhede nie, maar vernietig hulle deur die skade wat dit aan uitvoer-nywerhede, wat op invoere staatmaak om hulle produkte te vervaardig, doen. Die verhoging in die prys van staal wat op die “beskerming” van plaaslike staal-produsente volg, verhoog slegs die vervaardigingskoste van motors en alle staal-gebaseerde produkte. Proteksionisme is ‘n onkundige spel.

Dat proteksionisme rykdom vernietig, is nie die ergste gevolg daarvan nie. Proteksionisme vernietig vrede. Dit is rede genoeg vir alle welwillende mense, en alle vriende van beskawing, om hulle stemme teen ekonomiese nasionalisme te verhef. Ekonomiese nasionalisme, ‘n ideologie van konflik, op onkunde gegrond, word deur proteksionisme aangevuur.

Twee honderd en vyftig jaar gelede het Montesquie gesê “Vrede is die logiese gevolg van handel. Twee uiteenlopende lande word wedersyds van mekaar afhanklik wanneer een daarin belangstel om te koop, en die ander ‘n belang daarin het om te verkoop; gevolglik is hulle verbintenis op wedersydse benodighede gegrond.”

Vrede is handel se kosbaarste produk. Handel bevorder vrede, deels omdat dit uiteenlopende mense in ‘n gemeenskaplike kultuur van handel saamsnoer - ‘n daaglikse proses van die aanleer van andere se tale, hulle sosiale norme, wette, verwagtinge, behoeftes, en talente.

Handel bevorder vrede deur mense aan te moedig om wedersydse voordelige bande van samewerking te bou. Net soos handel die ekonomiese belange van Parys en Lyon, van Boston en Seattle, van Calcutta en Mumbai verenig, verenig dit ook die ekonomiese belange van Parys en Portland, Boston en Berlyn, van Calcutta en Copenhagen - van mense van alle nasies wat met mekaar handel dryf.

Noukeurige empiriese navorsing verskaf onweerlegbare getuienis dat handel vrede bevorder.

Die Tweede Wêreldoorlog is waarskynlik die mees tragiese voorbeeld van wat gebeur as hierdie insig geïgnoreer word.

Internasionale handel het tussen 1929 en 1932 met 70 persent afgeneem, grotendeels die gevolg van die Amerikaanse Smoot-Hawley doeane-belasting van 1930 en die daaropvolgende vergeldingstariewe van ander lande. Die ekonoom Martin Wolf het opgemerk: “hierdie ineenstorting van handel was ‘n groot aansporing vir die soeke na selfversorgendheid (outarkie) en Lebensraum, van veral Duitsland en Japan.”

Die mees afgryslike en dodelike oorloë in die geskiedenis van die mensdom het kort hierna gevolg.

Handel verminder oorloë en red daardeur lewens.

Handel red ook lewens deur welvaart te bevorder en dit na meer en meer mense uit te brei.

Die getuienis dat vryhandel welvaart bevorder, is oorweldigend. Welvaart maak dit vir gewone mans en vrouens moontlik om langer en gesonder lewens ly.

Met langer en gesonder lewens wat meer vreedsaam gelewe word, het mense wat in die wêreldwye ekonomie geïntegreer is, meer tyd om die amper oneindige verskeidenheid kulturele ondervindings wat deur vryhandel moontlik gemaak word, te geniet. Kultuur word deur bydraes van reg oor die wêreld verryk: alles moontlik gemaak deur die vryhandel in goedere en idees.

Vryhandel verhoog, sonder twyfel, materiële welvaart. Maar sy grootste geskenk aan die mensdom kan moeilik in geldterme gemeet word. Die grootste geskenk is lewens wat vryer en ten volle gelewe word, met ‘n geringer kans dat deur die afskuwelikhede van oorlog verwoes sal word.

Gevolglik is ons, die ondergetekendes, saamgesnoer in ‘n pleidooi aan die regerings van alle nasies om die versoeke van daardie kortsigtige en hebsugtige mense wat meer struikelblokke in die pad van handel wil plaas, teen te staan. Ons versoek regerings ook om bestaande proteksionistiese maatreëls wat vryhandel verhoed, te herroep. Aan elke regering sê ons: laat julle burgers die vrugte van nie net julle eie landerye, fabrieke en genieë, geniet nie, maar ook die van die hele mensdom. Die beloning sal groter welvaart, verrykte lewens, en die seëninge van vrede wees.